

## **‘n Ster uit Jakob en ‘n septer uit Israel (OP58)**

**Num 24:15-25**

**19 September 2021**

Laasweek het ons na die eerste drie uitsprake van Bileam gekyk. Ons het gesien dat die Here in die uitsprake vir Bileam en Balak voor die beloftes van Sy verbond met Abraham geplaas het. Hy het hulle reeds ‘n groot volk gemaak, Hy is hulle God en woon in hulle midde, en hulle is op die punt om die beloofde land in te neem. Boonop is hierdie verbond ‘n verbond wat ewig vasstaan. Omdat die Here nie ‘n mens is wat van gedagte verander nie, voer Hy Sy beloftes uit. Niks wat Bileam doen sal die Here van plan laat verander nie. Die Here het al aan Abraham beloof, en dit deur Bileam herhaal, dat Hy diegene wat Israel seën, sal seën, en die wat hulle vervloek, sal Hy vervloek. Balak kan dus verwag om vervloek te word, en nie Israel nie. Balak het Bileam sonder betaling weggejaag.

Bileam het egter in Num 24:14 gesê daar is nog dinge wat hy moet sê voordat hy sou gaan. Vandag gaan ons stilstaan by die dinge wat hy in 4 verdere uitsprake gesê het.

### Vierde uitspraak van Bileam (Num 24:15-19)

In verse 15 en 16 maak Bileam dit baie duidelik hierdie uitspraak is ‘n openbaring, en die openbaring kom van die Here af. Dit is die Here wat sy oë geopen en wat aan hom die kennis gegee het oor wat hy gaan sê. Dit is soortgelyk aan wat hy in verse 3-4 gesê het voor hy sy derde uitspraak gegee het. Daar het ons gesien die Gees van God het op hom gekom, en ons kan aanneem dat dit hier ook die geval was.

Die inhoud van die visioen word in verse 17-19 gegee. Bileam sê hy sien dat iemand op pad is, die persoon is aan die kom. Maar die persoon is nog nie hier nie. Dit gaan dus nog ‘n ruk duur voordat die persoon kom. Hy beskryf die persoon as ‘n ster uit Jakob, en ook as ‘n septer uit Israel (OAV) (‘n heerser, NAV). Waarna verwys hierdie ster en septer? Dink aan die volgende:

- Lees Jes 14:12-13. In hierdie gedeelte handel dit oor Babel wat deur die Here veroordeel word. Die koning van Babel word beskryf as ‘n morester wat geval het. Dit herinner ons natuurlik aan Op 22:16 waar Jesus Homself beskryf as die “Nakomeling van Dawid” en die “helder Morester”.
- Die NAV het reeds “septer” geïnterpreteer as “heerser”, wat heeltemal gepas is. In Gen 49:10 seën Jakob vir Juda en sê “Die septer sal van Juda nie wyk nie” (OAV), en weer het die NAV dit vertaal met “Jy sal altyd heers”. Psalm 45 is ‘n gedig vir ‘n koning (en ons weet dit is ‘n gedig vir die Messias-koning). In vers 7 lees ons “met u koninklike septer laat u geregtigheid geskied”. Duidelik word ‘n septer met ‘n koning geassosieer.

Dus, as Bileam sê dat hy ‘n ster en septer sien kom, beteken dit hy sien ‘n koning kom. Verder sien Bileam dat hierdie komende koning vir Moab en Edom gaan vernietig (vers 18 praat ook van Seïr – dit verwys waarskynlik ook na Edom, want hulle het in die Seïrberge gewoon). Moab en Edom kan dus verwag om iewers in die toekoms vernietig te word deur hierdie komende koning.

Vers 18 sê ook dat parallel met hierdie vernietiging van Moab en Edom, sal Israel al sterker word. Ons kom netnou terug om verder te dink oor wat dit beteken. Kom ons kyk ook net eers na die ander drie uitsprake.

### Vyfde, sesde en sewende uitsprake van Bileam (Num 24:20-25)

In die vyfde uitspraak (v20) sien Bileam dat die Amalekiete ook ondergang kan verwag. Die Amalekiete het in die Sinai skiereiland gewoon, en hulle was natuurlik 'n gereelde vyand van die volk Israel. Dink maar net aan die gebeure in Eks 17:8-16, kort na die volk uit Egipte gered is. By Refidim het hulle teen die Amalekiete oorlog gemaak – onthou dit was daardie stryd waar Israel gewen het solank Moses sy arms in die lug gehou het, maar verloor het as hy sy arms laat sak het.

In die sesde uitspraak (v21-22) lees ons dat die Keniete ook ondergang kan verwag. Alhoewel dit op hierdie stadium met hulle goed gaan, gaan hulle uitgewis word deur die Assiriërs. Die Keniete het ook in die Sinai Skiereiland gewoon, suidwes van die Dooie See. As 'n reël het hulle 'n goeie verhouding met die volk gehad, dink byvoorbeeld aan Moses se skoonpa, Gobab, wat 'n Keniet was (Rig 1:16). Een moontlike verklaring waarom hulle ook vernietiging in die gesig staar is dat hulle hulle moontlik op 'n stadium by die Midianiete geskaar het.

In die sewende uitspraak (v23-24) lees ons van die Kittiers wat met hulle skepe sal kom, en die Assiriërs sal verslaan. Onthou die Assiriërs het juis die Keniete se ondergang bewerk. Daar is verskillende denke oor wie die Kittiers was: moontlik was hulle van Siprus afkomstig, alternatiewelik dink sommiges dat dit 'n verwysing na die Filistyne was. Hoe dit ook al sy, hulle vernietig die Assiriërs, maar dan word hulle self ook vernietig.

Kom ons som op: In hierdie laaste vier uitsprake leer ons dat daar in die toekoms 'n koning gaan kom. Hierdie koning sal die ondergang van 'n verskeidenheid volke bewerk: Moabiete, Edomiete, Keniete, Assiriërs en Kittiers (moontlik Filistyne). Terselfdertyd sal hierdie koning se heerskappy ook tot gevolg hê dat Israel sterker word.

Vervolgens wil ek fokus op die volgende 4 vrae: (1) Wie is die komende koning van wie Bileam getuig? (2) Wat is die boodskap uit al hierdie gebeure aan Balak, en Bileam? (3) Wat is die boodskap aan ons? (4) Wat kan ons leer uit die feit dat die boodskap juis deur Bileam gekom het?

#### Wie is die komende koning van wie Bileam getuig?

Kom ons dink nou verder oor wat dit beteken – wie is die koning wat sal kom?

Kan ek jou herinner dat ons in die tweede en derde uitsprake ook van Israel se koning gelees het. In Num 23:21 het ons gelees: “die Here hulle God is by hulle; oor Hom, hulle koning, jubel hulle”. Hier word die Here beskryf as die koning van die volk, in wie hulle jubel. Vers 22 het vertel hoe die Here hulle juis deur Sy krag uit Egipte gelei het. In die derde uitspraak (Num 24:7) het ons gelees dat Israel se koning sterker is as Agag, en dat sy koninkryk steeds groei. En vers 8 vertel dan weer hoe die Here hulle met krag uit Egipte gelei het. Uit hierdie twee uitsprake blyk dit dus dat die Here die volk se koning is.

En tog sien Bileam dat daar in die toekoms 'n koning gaan kom wat nog nie nou hier is nie. Wie is hierdie koning? Wel, ons ken die Ou Testamentiese geskiedenis. Nadat die volk die beloofde land ingeneem het, na die Rigtertydperk, het die volk vir 'n koning gevra, en die Here het hulle versoek toegestaan. Die eerste koning was Saul. In 1 Sam 15 lees ons juis dat Saul oorlog gemaak het teen die Amalekiete. Die opdrag van die Here aan Saul deur Samuel was baie duidelik: Saul moet die Amalekiete heeltemal uitroei. Lees 1 Sam 15:8-9. Hier word juis verwys na Agag wat die koning van die Amalekiete was – en in die derde uitspraak het Bileam gesien dat Israel se koning sterker is as Agag. Maar ongelukkig was Saul ongehoorsaam aan die opdrag van die Here, en hy het Agag se lewe gespaar. Dit is onder andere die rede waarom Saul as koning verwerp is. In 1 Sam 30:17 lees ons dat Dawid wel die Amalekiete uitgeroei het. Dit laat ons dink dat die koning waarvan ons hier lees, Dawid moet wees. Verder weet ons dat Dawid baie volke oorwin het tydens sy bewind. Lees 2 Sam

8:11-14. Meeste kommentatore is dit dus eens dat hierdie komende koning waarna Bileam verwys het, ten minste na Dawid gewys het.

En tog moet ons waarskynlik meer hierin lees. Een rede hiervoor is dat, alhoewel Dawid al hierdie volke oorwin het, het hy hulle nie heeltemal uitgeroei nie. As jy na die latere profete in die Ou Testament kyk, is daar telkens verwysings na profesieë wat teen hierdie volke gemaak word. Kyk maar net na die boek Amos. Amos het opgetree tydens die regering van koning Ussia van Juda en Jerobeam van Israel, m.a.w. baie jare later as Dawid. En tog is daar in Amos 1:6-8 'n profesie teen die Filistyne, in Amos 1:11-12 teen Edom, en in Amos 2:1-3 teen Moab.

Boonop, as jy teruggaan na Num 24:14, sien jy dat Bileam gesê het hy gaan vir Balak vertel wat Israel aan sy volk gaan doen "in die toekoms", maar die OAV vertaal dit met "aan die einde van die dae", of die ESV met "in the latter days". Voeg hierby wat ons in 'n paar psalms lees:

- Ps 2: In vers 1-3 lees ons van die konings van die aarde wat saamspan teen die Here en Sy Gesalfde. In vers 6 lees ons dat die Here die Gesalfde as Koning gesalf het, en in vers 9 lees ons dat hierdie gesalfde Koning die konings van die aarde met Sy ystersepter stukkend gaan slaan. Natuurlik weet ons dat hierdie gesalfde Koning niemand anders is as Jesus nie.
- Ps 45:4-8: Ek glo ons is almal oortuig dat hierdie 'n Messiaanse psalm is. Hier word spesifiek uitgelig dat hierdie Koning met sy pyle die harte van die Koning se vyande sal deurboor, en met Sy septer geregtigheid laat geskied.
- Ps 110:1-7: Die Here oorhandig aan die Koning die septer, dan heers Hy oor Sy vyande en verdelg hulle konings. Weereens, is hierdie 'n Messiaanse psalm, en die Koning is Jesus.

In 1 Kor 15:25 lees ons: "Hy (Jesus) moet as Koning heers totdat die Vader al Sy vyande aan Hom onderwerp het". Gaan lees maar weer in Op 19:19 hoe die konings van die aarde saamspan met die dier teen die Ruiters op die wit perd – wat natuurlik Jesus is. En in vers 21 word die mense doodgemaak met die swaard uit die mond van die Ruiters op die wit perd. Ek is dus oortuig hierdie komende koning wat Bileam gesien het en na wie hy verwys het as 'n ster en 'n septer, het in die eerste plek na Dawid gewys, maar dit het ook verder gewys na Jesus. Immers, was Dawid 'n tipe van Jesus.

#### Wat is die boodskap aan Balak, en Bileam?

Al die gebeure waarvan ons nou geleer het, het begin toe Balak bang was vir Israel, en toe hy besluit het om Bileam te betrek om die volk te verswak deur hulle te vervloek. Hy was van mening hy kan die situasie in die geestelike dimensie manipuleer. Bileam het sekerlik meer van 'n verhouding met die Here gehad as Balak, maar selfs Bileam het gewys hy is ook onder die indruk hy kan die Here manipuleer. Wat die Here egter vir hulle wys, is dat Hy Hom nie deur hulle laat manipuleer nie. Trouens wat hier besig is om te gebeur is presies in lyn met Sy plan. Hierdie plan het Hy al 600 jaar gelede aan Abraham bekend gemaak in 'n verbond, bevestig met 'n eed. Ja, dit mag so wees dat hulle nie bewus was van daardie plan nie, maar dit is hulle onkunde. En nou het die Here vir hulle baie duidelik gemaak dat Hy geensins enige van Sy beloftes ongedaan gaan maak ter wille van wat hulle wil hê nie. Nee, in Sy genade, wys die Here vir hulle waar hierdie plan heengaan – selfs tot aan die einde van die tyd. Die Here maak dit veral duidelik dat die volk steeds gaan groei, terwyl al die ander volke iewers in die toekoms vernietig gaan word – insluitende Moab. Bileam het in sy eerste uitspraak al gesê dat hy ook die begeerte het om eendag soos die volk te mag sterwe, en die Here maak dit baie duidelik dit is die regte begeerte om te hê. Ongelukkig sal ons sien dat Bileam nie werk gemaak het hiervan nie. Balak, op sy beurt, het geen begeerte getoon om deel van die Here se volk

te word nie – hy het net kwaad teruggegaan huis toe. Wel, hulle was gewaarsku deur die Here, en sal met die gevolge van hulle besluit moet saamleef.

#### Wat is die boodskap aan ons?

In die eerste plek is die boodskap aan ons dieselfde as wat dit aan Bileam en Balak was: Die getroue Verbondsgod is doelgerig op koers om Sy verbondsbloefes na te kom. Met die gebeure hier in Numeri het Hy al ver gevorder, en in die meer as 3 000 jaar sedertdien het Hy nog baie verder gevorder. Maar dit staan onwrikbaar vas, dat Hy die ware nageslag van Abraham wat nou uit alle volke, stamme, tale en nasies kom, wel veilig in die beloofde land sal bring, terwyl al Sy vyande finaal vernietig sal word deur daardie ster en septer Koning wat intussen reeds gekom het, en op die punt staan om weer te kom. Die dringende oproep is dat ons seker moet maak ons is deel van die ware nageslag van Abraham!

Maar ek wil nog 'n element uitlig wat ons moet raaksien: Ons begin hier iets sien van 'n belangrike wentelpunt in die Ou Testamentiese geskiedenis. Dink oor die volgende: Die volk is op die punt om die beloofde land in te gaan. Ons het al in die verlede gesê die uittoeg uit Egipte is 'n tipe van regverdigmaking, die woestyntog 'n tipe van heerlikmaking, en die woon in die beloofde land 'n tipe van heerlikmaking. Wel, ons sou dan verwag dat dit die einde van die Ou Testament is. Wat kom na heerlikmaking? En tog is die Ou Testamentiese geskiedenis nog lank nie verby nie. Dink oor wat na Numeri gebeur: Die boek Deuteronomium speel af op die Moabsvlakte. Dan volg Josua wat die inname van die land beskryf. En daarna volg Rigters – daardie tragiese boek waar ons lees van een rigter na die ander wat moet kom om die volk te verlos na hulle in sonde geval het, net om maar weer deur dieselfde siklus te gaan. Die boek sluit af in Rig 21:25 met die woorde: "In daardie tyd was daar nog nie 'n koning in Israel nie, en elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë". En dan, na die boek Rut, kom 1 en 2 Samuel – dit beskryf vir ons die volk wat vir 'n koning vra. Die eerste koning is Saul, wat deur die Here verwerp word, o.a. omdat hy Agag se lewe gespaar het – en dan kom Dawid. En na Dawid kom daar 'n hele reeks konings – totdat die volk in ballingskap weggevoer word. Duidelik verskuif die fokus na die inname van die land na die konings. En juis dit is die inhoud van die vierde uitspraak van Bileam – daar kom 'n ster en septer Koning. En soos ons gesien het, het dit eers na Dawid gewys, maar uiteindelik na Jesus self. Tot hier was daar baie klem op Aäron as hoëpriester en die offers wat gebring moes word. Ons het telkens verwys na Jesus wat die ware Hoëpriester is. Na die inname skuif die klem na die konings van die volk. En natuurlik is Jesus die ware Koning. Hy is die Priesterkoning!

Let ook op die volgende: In Bileam se tweede en derde uitsprake word die Here beskryf as die Koning van die volk Israel. Maar in die vierde uitspraak lees ons van die komende ster en septer Koning. Dit lyk teenstrydig. Maar vergelyk dit met wat gebeur het toe die volk vir 'n koning gevra het: Lees 1 Sam 8:4-8. Samuel was oortuig die volk was verkeerd dat hulle vir 'n koning gevra het – want die Here is tog hulle Koning. En die Here stem saam. Maar die Here sê Samuel moet tog maar aan hulle versoek voldoen. Sien jy die ooreenkoms met wat Bileam gesien het? Die Here was hulle Koning, en tog kom daar 'n ster en septer Koning. Maar wie is die ster en septer Koning uiteindelik? Dit is Jesus, en Jesus is God! Hoe die volk ook planne maak om van die Here se koningskap bevry te word, Hy bly hulle Koning, en in die proses leer Hy hulle dat alleen Hy waardig is om Koning te wees.

In die uitsprake van Bileam aan Balak begin die Here alreeds die voorbereidingswerk vir die verskuiwing wat gaan kom in die fokus van die verdere Ou Testamentiese geskiedenis.

#### Wat kan ons leer uit die feit dat die boodskap deur Bileam gekom het?

Soos wat ons gesien het, het die Here deur Bileam gepraat oor groot en belangrike onderwerpe. Nie net berei dit die weg voor vir 'n skuif in die fokus van die openbaringsgeskiedenis nie, maar die inhoud van die uitsprake strek tot reg aan die einde van die tyd wanneer die vyande van die volk van die Here finaal vernietig sal word. En dit terwyl ons gesien het Bileam was maar van twyfelagtige karakter met 'n oënskynlike groot liefde vir geld. Boonop maak hy hierdie groot en verreikende uitsprake aan Balak, 'n goddelose koning wat teleurgesteld en kwaad sy rug daarop gedraai het. Trouens, ons weet nie eens hoe Moses van hierdie gebeure te wete gekom het, sodat hy dit in die boek Numeri kon neerskryf, nie. In een kommentaar lees ek verskeie teorieë oor hoe dit moontlik kon gebeur het, maar die realiteit is ons weet doodeenvoudig nie.

Hoekom juis op hierdie manier hierdie openbarings deur Bileam aan Balak? Wel, die Here het in Sy wysheid so besluit, en Sy wysheid is veel groter as wat ons kan bevat. So, ons moet dit nederig so aanvaar. Maar daar is tog twee sake wat ons kan raaksien:

- Ons het die voorreg om te kan sien uit die ontwikkeling van die verdere geskiedenis hoe akkuraat hierdie uitsprake was. Hierdie uitsprake kom dus werklik van die Here af. Bileam kan geen krediet neem vir die uitsprake nie – die Here het vooraf gewys hoe gebrekkig sy insig was, hy kon nie eers die Engel van die Here sien nie. Al die eer kom die Here toe.
- Die Here openbaar Hom aan alle mense. Alle mense is Sy skepsels, Hy het van alle mense die verwagting dat hulle hulle geloof in Hom sal stel. Maar nie almal doen dit nie. Maar die Here maak ook seker dat niemand in onkunde die uiteinde van hulle dwaasheid tegemoet gaan nie. Daarom het Hy 'n algemene openbaring aan die mensdom deur Sy skepping. En daarom konfronteer Hy ook ongelowiges met Sy spesiale openbaring – óf deur gelowiges, óf selfs direk, soos wat ons hier lees. Die Here het genade aan Bileam en Balak getoon dat hulle insae in Sy ewige raadsplan kon hê. Dat hulle hulle rug daarop gedraai het, onderstreep maar net dat as die Here hulle uiteindelik gaan vernietig, is dit regverdig.

Ek luister onlangs na 'n debat waar 'n uitgesproke ateïs redeneer oor hoekom hy nie 'n Christen is nie. Sy redenasie is min of meer die volgende: Hy vra wie sal vrywillig kies vir 'n sisteem waar jy jou moet onderwerp aan die voorskrifte van 'n God, en indien jy nie die voorskrifte nakom nie, het jy die verwagting hê om vir ewig in die hel gewerp te word. Definitief is hy nie ten gunste van so 'n sisteem nie, en daarom verwerp hy die Christelike godsdiens. Daar is natuurlik verskeie probleme met hierdie eensydige en gebrekkige beskrywing van die Christelike godsdiens – ek wil nie nou daarop ingaan nie. Die punt om raak te sien, is egter dat die feit dat hy nie ten gunste is van die sisteem wat God daargestel het nie, beteken nie dat God se sisteem nie bestaan nie. Dit beteken ook nie dat as hy God se sisteem verwerp, dat hy die hel kan systap nie. Nee, hy is deel van God se sisteem of hy daarvoor kies of nie – want hy is 'n mens en dus 'n skepsel van God. En siende dat hy deel van God se sisteem is, beteken dit as hy God verwerp, wag die hel vir hom – want dit is hoe God se sisteem werk. Dit is ook wat die Here vir Bileam en Balak gewys het: Dit is nie vir julle om te besluit wie geseën en wie vervloek moet word nie. Nee, die Here het 'n plan wat Hy doelgerig uitvoer. In daardie plan is Sy volk geseën en bereik eventueel die beloofde land. En al die ander volke is vervloek en bereik eventueel hulle eie ondergang in die hel. Bileam en Balak moes leer hulle is deel van daardie plan, en in een van hierdie twee groepe. As hulle nie in die hel wil eindig nie, moet hulle hulle vertrou in daardie ster en septer Koning stel. En die boodskap aan daardie ateïs is: Jy het nie 'n keuse of jy deel van God se sisteem wil wees of nie. Jy is deel daarvan, want Hy het jou geskep. Die enigste vraag is in watter een van die twee groepe is jy. En as jy nie jou vertrou in die ster en septer Koning stel nie, sal jy in die hel eindig.

Maar kom ons verlustig ons in die heerlike verlossende werk van die ster en septer Koning!